Klientedienssentrum ☎ 021 808 2753 sun-e-hr@sun.ac.za
www.surf.sun.ac.za

# NUUSBRIEF

September 2024

## INHOUDSOPGAWE

1. Voorsittersverslag
2. Finansiële state
3. Prestasie van die Fonds se beleggingsportefeuljes
4. Fondsadministrasie – skuif van Sanlam na Alexforbes
5. Vroeë toegang tot aftreespaargeld: die jongste oor die "tweepot-stelsel"
6. Hoekom dit belangrik is om 'n begunstigdebenoemingsvorm in te vul
7. Maak seker geliefdes is versorg
8. Reëlwysigings
9. Finansiële advies
10. Belangrike kontakbesonderhede

## 1. Voorsittersverslag

2024 blyk 'n interessante jaar te wees vir SURF-lede. Die Fonds het van administratiewe platform verwissel, wat op sigself ń groot prestasie is. Verder is die tweepot-aftreestelsel op 1 September 2024 in werking gestel. Die stelsel laat aftreefondslede toe om vroeë toegang tot 'n deel van hul aftreespaargeld te kry, en help hulle terselfdertyd om hul aftreespaargeld te bewaar en beter aftree-uitkomste oor die lang termyn te verseker.

Fondsadministrateurs het hard gewerk om seker te maak die administrasiestelsels is gereed vir die tweepotstelsel. Ons herinner lede graag daaraan dat 'n aftreefonds bedoel is om vir aftrede te spaar. Hoewel jy nou miskien vroeë toegang tot aftreespaargeld kan kry, benader dit asseblief op 'n verstandige wyse. Moenie aftreespaargeld opvra as dit nie uiters noodsaaklik is nie.

Die Fonds se beleggings het steeds merkwaardig presteer te midde van hierdie tydperk van verandering. Al moes ons lede aan ń nuwe administrasieplatform gewoond raak tydens aanmelding op hul rekords, sal hulle groeiende fondswaardes gesien het. Ek is verheug om te rapporteer dat die Fonds volgehoue boonste kwartielbeleggingsprestasie behaal het vir periodes wat wissel van een jaar tot 15 jaar.  Baie dankie aan die Beleggingskomitee, mede-Raadslede en adviseurs vir hul waardevolle insette en ondersteuning om die goeie opbrengste te behaal.

Vriendelike groete

Prof Niel Krige
**Voorsitter**



## 2. Finansiële state

Soos jy weet, het die administrasie van die Fonds op 1 Junie 2024 van Sanlam na Alexforbes oorgegaan. In ooreenstemming met die verandering van Fondsadministrateur, moes die Fonds se finansiële jaareinde verander word. Die rekeningkundige tydperke is dus soos volg gewysig:

a) 'n Tydperk van 17 maande vanaf 1 Januarie 2023 tot en met 31 Mei 2024;

b) 'n Tydperk van 7 maande vanaf 1 Junie 2024 tot en met 31 Desember 2024;

c) 'n Tydperk van 12 maande vanaf 1 Januarie 2025 tot en met 31 Desember 2025, en 12-maandetydperke daarna.

Finansiële state vir die tydperk geëindig 31 Mei 2024 moet teen 30 November 2024 by die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor (FSCA) ingedien word.

## 3. Prestasie van die Fonds se beleggingsportefeuljes

Heelwat het verander gedurende die afgelope ses maande. Ons het ń Regering van Nasionale Eenheid, en daar heers versigtige optimisme. Ons is nie die enigste land wat vir verandering gestem het of politieke verandering ervaar nie. Namate die internasionale politieke landskap verander, het dit ń rimpeleffek op die ekonomiese en beleggingsomgewing. Ondanks die beweging in 'n positiewe rigting, het Suid-Afrika nog steeds te kampe met beduidende maatskaplike en ekonomiese uitdagings. Daarom het die Raad van die Fonds doelbewus gediversifiseerde portefeuljes met die oog op ń wye verskeidenheid uitkomste saamgestel.

Opbrengste in wêreldmarkte is gedryf deur beleggers se verwagtings rondom die rigting waarin rentekoerse beweeg en die moontlikheid van rentekoersverlagings deur sentrale banke, asook die tydsberekening daarvan. Rentekoersverwagtings het gedurende die jaar verander op grond van inflasie- en arbeidsmarkdata, en beleggers meer bekommerd gestem oor hoër rentekoerse vir 'n langer tydperk, omdat inflasie hoër gebly het as wat verwag is. Nietemin het die wêreldaandelemark 'n hupstoot gekry met die skitterende prestasie van maatskappye wat na die mark se mening die meeste baat sal vind by kunsmatige intelligensie.

Benewens rentekoersverwagtings, het die uitkoms van die nasionale verkiesing in Mei, soos verwag is, 'n uitwerking op plaaslike markopbrengste gehad. Plaaslike markte het saam met die rand sterk presteer namate die samestelling van ń Regering van Nasionale Eenheid tussen die African National Congress, die Demokratiese Alliansie en ander kleiner partye gestalte begin kry het.

Die afgelope jaar het stewige opbrengste opgelewer. Suid-Afrikaanse aandele (soos gemeet deur die FTSE/JSE Indeks van Alle Aandele) het met 9.1% gestyg en internasionale aandele (soos verteenwoordig deur die MSCI Wêreldindeks) het 'n merkwaardige 16.2% in randterme behaal ondanks die versterking van die rand met 3.3% oor hierdie tydperk. Internasionale effekte (FTSE WGBI) het egter 4.0% teruggesak oor dieselfde tydperk. Suid-Afrikaanse nominale effekte (FTSE/JSE Indeks van Alle Effekte) het ń sterk opbrengs van 13.7% oor die jaartydperk behaal, terwyl die opbrengs op SA kontant (STeFI Saamgestelde Indeks) 8.6% was. Inflasie was 5.1% vir die afgelope jaar.

Die Fonds se beleggingsportefeuljes het goeie opbrengste vir die eenjaartydperk tot 30 Junie 2024 behaal. Lede word egter gemaan om eerder op die langertermyn-opbrengste te fokus.


Die prestasie van die Fonds se portefeuljes (na aftrekking van fooie) oor metingstydperke tot 30 Junie 2023 word in die afdeling hieronder toegelig. Nader inligting is beskikbaar in die portefeuljes se feiteblaaie, wat op die Fonds se webwerf (https://surf.sun.ac.za/fact-sheets) gelees kan word.

### Groeiportefeulje

Die primêre beleggingsdoelwit van die Groeiportefeulje is om opbrengste te behaal wat oor ń metingstydperk van vyf jaar minstens in die topkwartiel van opbrengste met betrekking tot die "Internasionale Gebalanseerde" portuurgroep is, soos verteenwoordig deur al die internasionale gebalanseerde fondsbestuurders in Suid-Afrika.


Die sekondêre doelwit van die Groeiportefeulje is om ń reële opbrengs van 5% p.j. (na aftrekking van alle koste) oor deurlopende vyfjaar-metingstydperke te behaal. Die portefeulje sal dus altyd ń blootstelling van 70% tot 85% aan die aandelemark hê, wat beteken dat die prestasie van die portefeulje onbestendig sal wees. Die portefeulje sluit die Raad se besluit in om die maksimum toelaatbare blootstelling van 45% aan die buiteland te hê en 5% in ongenoteerde Suid-Afrikaanse infrastruktuur te belê. Dit gee lede blootstelling aan meer beleggingsidees en 'n internasionale portefeulje is ook veerkragtiger as 'n plaaslike portefeulje.

Die volgorde van data op die horisontale as van die grafiek is ietwat ongewoon, omdat dit met die 10-jaaropbrengs begin en met die 1-jaaropbrengs eindig. Die rede hiervoor is dat lede op die langertermyn-opbrengste behoort te fokus. Die portefeulje het oor die afgelope 10 jaar ŉ jaarlikse opbrengs van 4% bo inflasie gelewer, en oor die afgelope vyf jaar ŉ jaarlikse opbrengs van 5.9% bo inflasie. Dit is ŉ uitstekende uitkoms en billike beloning vir die risiko wat aanvaar is.




## Aggressiewe Absolute Opbrengsportefeulje


Die Aggressiewe Absolute Opbrengsportefeulje se primêre beleggingsdoelwit is om ŉ reële opbrengs van 6% p.j. (na aftrekking van fooie) oor driejaar-tydperke te behaal, en die sekondêre doelwit is om ŉ kapitaalverlies oor enige 24-maandetydperk te vermy. Soos die naam aandui, is hierdie portefeulje bedoel om meer aggressief te wees as die Groeiportefeulje. Die portefeulje het ŉ prestasiegeskiedenis van 7 jaar en 5 maande en soos die grafiek hieronder illustreer, het dit te midde van moeilike marktoestande uitstekend gevaar.




## Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeulje


Die Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeulje se primêre beleggingsdoelwit is om 'n reële opbrengs van 3% p.j. (na aftrekking van fooie) oor deurlopende driejaar-tydperke te behaal, en die sekondêre doelwit is om ŉ kapitaalverlies oor enige 12-maandetydperk te vermy. Hierdie portefeulje handhaaf ŉ blootstelling van 35% tot 45% aan die aandelemark en is geskik vir lede met ŉ korter tydhorison en 'n laer aptyt vir risiko en wisselvalligheid van opbrengste. Die grafiek hieronder toon die prestasie van die portefeulje (na aftrekking van fooie) in vergelyking met inflasie. Die portefeulje het oor alle metingstydperke sterk presteer.

Die slim leser sal oplet dat die volgorde van die opbrengste op die konvensionele wyse aangedui word, met die kortste termyn eerste. Dit is omdat die portefeulje geskik is vir lede met ŉ korter beleggingshorison, soos hierbo genoem.




## Shari'ah-portefeulje

Die portefeulje het ŉ blootstelling van 60% tot 70% aan aandelemarkte en word ooreenkomstig Shari'ah-wette bestuur.




## Kapitaalbeskermingsportefeulje

Die beleggingsdoelwit van die Kapitaalbeskermingsportefeulje is om ń reële opbrengs van 1.5% p.j. (na aftrekking van fooie) oor enige 12-maandetydperk te behaal. Die bereiking van hierdie doelwit is sterk gekoppel aan die navolging van 'n reële rentekoers-regime deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank. Die portefeulje streef ook om die STeFI Saamgestelde Indeks met 0.75% p.j. (na aftrekking van fooie) te oortref.

Die portefeulje het ń toewysing van 85% aan ń geldmarkfonds met 'n konvensionele geldstrategie, en redelik onlangs is 15% aan ń inflasiegekoppelde inkomstefonds toegewys.

Die grafiek hieronder toon die prestasie van die portefeulje (na aftrekking van fooie) in vergelyking met inflasie. Die portefeulje het oor alle metingstydperke ń reële opbrengs behaal, en oor die afgelope jaar baie goed gevaar, met 'n reële opbrengs van 4.6%.




## 4. Fondsadministrasie: skuif van Sanlam na Alexforbes

Lede sal kommunikasie ontvang het oor die implementering van die administrasieskuif na Alexforbes.

'n Platform-oorskakeling van hierdie omvang gaan gewoonlik met groeipyne gepaard, maar die span werk onverpoosd om hierdie kwessies uit te stryk wanneer hulle opduik. Lede het probleme met internetlynspoed ervaar as gevolg van toetsing deur Alexforbes ter voorbereiding vir die tweepotstelsel, maar dit behoort na die einde van die jaar toe te verbeter.

Ons vestig lede se aandag daarop dat die belegging van die bydrae vir Junie 2024 effens laat is. Dit is 'n uitsondering en kan grotendeels toegeskryf word aan komplekse kwessies in verband met die oorskakeling na die nuwe administrasieplatform. Hoewel dit 'n geringe finansiële impak gehad het (sowat 0.7% van die waarde van die Junie-bydrae), het die aktuariële span berekeninge gedoen en lidrekords sal aangepas word om te verseker dat lede nie beleggingsopbrengste ingeboet het nie.

Voordeelstate wat risikovoordele toelig, is op lidrekords gelaai en kan aanlyn gelees word. Lede word aangemoedig om op die AF Connect-aanlynfasiliteit te registreer om hul inligting te sien. **Klik hier** om toegang te kry tot AF Connect.

## 5. Vroeë toegang tot aftreespaargeld: die jongste oor die "tweepot-stelsel"

Soos lede weet, is die tweepotstelsel ooreenkomstig wetgewing op 1 September 2024 in werking gestel. Lede sal Fondskommunikasie ontvang het wat die volgende toelig:

- Jy sal besonderhede van die verskillende komponente of "potte" waaruit jou SURF-fondswaarde bestaan, kan sien deur op Alexforbes se ledeportaal AF Connect te registreer.
- Nadat jy op AF Connect geregistreer het, **klik hier** om by ń video te kom wat verduidelik hoe om geld uit die spaarpot te onttrek volgens die tweepot-aftreestelsel.
- Wanneer jy 'n onttrekking uit die spaarpot oorweeg, onthou asseblief die volgende:
  - Die AF Connect-platform sal die enigste portaal wees waardeur spaarpot-onttrekkings uit SURF aangegaan kan word vanaf 3 September 2024.
  - Indien jy voor aftrede geld uit jou spaarpot onttrek, sal jy belas word teen jou marginale belastingkoers soos deur die SA Inkomstediens (SARS) bepaal word. Sien die voorbeeld hieronder.
  - Lede wat gedurende hul werkleeftyd geld uit hul spaarpot onttrek, sal nog steeds by aftrede die belastingvrye enkelbedrag van R550 000 kan gebruik (mits hulle nie voorheen kontant uit ń aftreefonds onttrek het toe hulle die fonds verlaat het, of geld uit hul gevestigde pot as ń onttrekkingsvoordeel voor aftrede onttrek het nie).
  - ń Transaksiefooi sal geld vir ń lid wat geld uit hul spaarkomponent onttrek. Die fooi is gekoppel aan die waarde van die spaarpot ontrekking.
  - Enige belasting wat aan SARS verskuldig is, sal by SARS se belastingaanwysing aan SURF ingesluit word, en sal van spaarpot-onttrekkings afgetrek word. SARS het 'n fasiliteit verskaf om jou belastingsaldo na te gaan voordat 'n spaarpot ontrekkingseis ingedien word. Jy kan *134*7277# skakel of klik op **tools.sars.gov.za** vir selfhelpdienste.

Voorbeeld van die transaksiekoste en belastingaftrekkings wat sal geld wanneer jy 'n spaarpot-onttrekking aangaan:

| | |
|---|---|
| Onttrekkingsbedrag | R30 000 |
| Administrasiefooi: | R600 |
| Netto bedrag na administrasiefooi: | R29 400 |
| Belastingkoers bepaal deur SARS (marginale belastingkoers): | 26% |
| Belasting wat afgetrek word (26% in hierdie voorbeeld): | R7 644 |
| Geraamde bedrag wat ontvang word | R21 756 |

Indien jy hulp nodig het om op AF Connect te registreer of 'n onttrekking volgens die tweepot-aftreestelsel aan te gaan, kontak asseblief Alexforbes se toegewyde inbelsentrum by 0860 100 333 of afonlinehelp@alexforbes.com. Alexforbes het ook instapsentrums wat beskikbaar is om te help, by beide hul kantore in die Wes-Kaap, naamlik Stellenbosch en Woodstock. As jy besluit om hiervan gebruik te maak, neem asseblief die volgende dokumente saam (dit sal die proses bespoedig indien verifiëring nodig is):

- Jou identiteitsdokument
- 'n Bankstaat wat nie ouer as 3 maande is nie
- Jou belastingsertifikaat

Die span van Universiteit Stellenbosch se Voordele-afdeling is ook beskikbaar om enige ander vrae te beantwoord – kontak hulle by 021 808 2753 of sun-e-hr@sun.ac.za. **Klik hier** om die tweepot-hulpbronne op die Fonds se webwerf te besoek, waar nuttige inligting en video's beskikbaar is.

Impak op aftreespaargeld (Bron: Daily Maverick)

'n Belangrike punt wat baie mense uit die oog verloor, is die uitwerking wat onttrekkings uiteindelik op lede se aftreespaargeld sal hê.

Ja, almal weet dit sal hul aftrede raak. Die werklike syfers maak dit egter baie duideliker. Enige onttrekkings wat jy aangaan, word by jou bruto inkomste vir daardie jaar ingesluit, en dit kan jou in ń hoër belastingkategorie plaas. Kyk na hierdie voorbeeld:

Sally is 'n 35-jarige werknemer met 'n belasbare inkomste van R370 000. Volgens die inkomstebelastingtabel vir 2024/25 sal haar belastingaanspreeklikheid R59 997 wees (R42 678 + 26% van die bedrag bo R237 100 minus die primêre korting van R17 235).

Indien Sally besluit om ń spaarpot-onttrekkingsvoordeel van R25 000 te benut, sal sy in ń hoër belastingkategorie beland en aanspreeklik wees vir belasting van R67 722 (R77 362 + 31% van die bedrag bo R370 500 minus die primêre korting van R17 235).

Elke R1 wat jy vroeg onttrek op ouderdom 35, kan gelyk wees aan tot R30 wanneer jy 30 jaar later aftree. Allan Gray verduidelik die impak van die onttrekking met nog ń voorbeeld:

Sally beplan om op 65 af te tree, maar onttrek R50 000 op ouderdom 35. Gestel haar aftreespaargeld het 10% per jaar verdien oor 'n tydperk van 30 jaar. Sy sou dan tot R870 000 verloor het wat gebruik sou kon word om haar 'n inkomste by aftrede te gee. Hierdie openbarende berekeninge behoort jou tot nadenke te stem.

## 6. Hoekom dit belangrik is om ń begunstigdebenoemingsvorm in te vul

Die nuwe AF Connect-platform gee jou die funksionaliteit om 'n aanlyn begunstigdebenoemingsvorm in te vul. Aktiewe lede word egter aangeraai om eerder op die Universiteit Stellenbosch se sun-e-HR-werknemerportaal benoemingsvorms te kry en hul besonderhede op die US-portaal op datum te hou. Dit sal verseker dat ons jou gereeld kan herinner om jou begunstigdebenoemings op datum te bring.

Jy kan hierdie vorm maklik voltooi deur jou selfhelp-funksionaliteit op die sun-e-HR-portaal te gebruik. Kontak Menslike Hulpbronne se kliëntedienssentrum by +27 (0)21 808 2753 / sun-e-hr@sun.ac.za vir meer inligting oor hoe om jou begunstigdebenoemingsvorm op datum te bring.

Dit is belangrik dat jy jou begunstigdebenoemingsvorm aanpas wanneer daar ook al 'n lewensveranderende gebeurtenis plaasvind – soos egskeiding, die geboorte/aanneming van ń kind of die dood van ń benoemde.

Met betrekking tot die nie-goedgekeurde groeplewens-dekking: waar die oorlede lid nie 'n begunstigde benoem het nie, of waar die benoeming ongeldig is, moet die versekeraar die voordeel aan die oorlede lid se boedel betaal. Dit is nie ideaal nie, want dit sal beteken begunstigdes moet die lang en duur proses deurmaak om die bestorwe boedel by die Meester van die Hoë Hof aan te meld vir beredderring. Dit sluit die aanstelling van 'n eksekuteur in, wat 'n distribusierekening sal moet opstel en dit moet adverteer en ter insae beskikbaar moet stel. Hierdie uitgerekte proses kan vermy word indien lede hul begunstigdes duidelik identifiseer deur die benoemingsvorm in te vul.

## 7. Maak seker geliefdes is versorg

### Gade- en kinderpensioendekking

As jy 'n enkellid is wat nie 'n gade en/of kwalifiserende kinders* het nie, kan jy kies om nie SURF se gade- en kinderpensioendekking te kry nie. **Klik hier** vir die vorm om die opsie om te onttrek uit te oefen.

Indien jy die opsie uitoefen om geen versekerde sterftevoordeel te hê nie, en later wel trou en/of kwalifiserende kinders het, sal jy SURF se versekerde sterftevoordeel moet kies (binne drie maande na die lewensgebeurtenis) om te verseker dat daar na jou gade en/of kwalifiserende kinders se behoeftes omgesien word indien jy te sterwe kom. Indien jy nie die voordeel kies nadat jy getroud is en/of ń kind het nie, en te sterwe kom, sal jou gade en/of kinders nie die gade- en kinderpensioene ontvang nie en in ń kwesbare posisie gelaat word.

Kontak Menslike Hulpbronne se kliëntedienssentrum by +27 (0)21 808 2753 / sun-e-hr@sun.ac.za vir meer inligting oor hoe om ná 'n lewensgebeurtenis hierdie dekking te kry.

* ***Klik hier*** *om die voordeelbeleid te lees, wat die omskrywings van kwalifisering en kind insluit.*

### Ongeskiktheidsdekking vir jou gade

Lede wat gadedekking het, sal daarvan bewus wees dat die polis ń enkelbedrag van twee keer jou jaarlikse pensioengewende salaris uitbetaal indien jou gade te sterwe kom.

Iets waarvan nie alle lede bewus is nie, is dat daar ook ń ongeskiktheidsvoordeel van twee keer jaarlikse pensioengewende salaris aan die polis gekoppel is. Indien jou gade permanent ongeskik raak voor die ouderdom van 60 weens siekte of ń ongeluk, kan ń eis by die versekeraar ingedien word. Die versekeraar sal dan bepaal of die siekte of besering tot permanente ongeskiktheid gelei het. Dit is belangrik om kennis te neem dat hierdie besluit nie by die werkgewer nie, maar by die versekeraar berus. Indien die versekeraar die ongeskiktheidsvoordeel goedkeur, sal dit as 'n "versnelde sterftevoordeel" uitbetaal word – d.i. 'n vervroegde betaling van die gadedekking.

## 8. Reëlwysigings

Na die reëlwysiging vir die finansiële jaareinde soos vroeër bespreek is, is die volgende reëlwysigings ook geregistreer:

- Wysiging 5: Voorsiening vir maandelikse addisionele vrywillige bydraes vir lede wat uitgestelde aftrede kies
- Wysiging 6: Vestiging van aftreereserwerekening vir voormalige ARR-lede.
- Wysiging 7: Implementeringsreëls vir die tweepotstelsel.

## 9. Finansiële advies

Ons herinner jou dat SURF 'n gratis finansiële adviesdiens aan lede bied. Lede van 53 en ouer het toegang tot hierdie diens. Veral lede wat vroeë aftrede oorweeg en individuele beleggingskeuses wil uitoefen, word aangemoedig om hierdie adviesdiens te benut.

**Die paneel van voorkeurdiensverskaffers bestaan uit:**

**Alexforbes Finansiële Beplanningskonsultante:**
+27 (0) 21 809 3750 | wesselsw@alexforbes.com

**Finfocus**:
+27 (0) 21 861 7000 | usafadvies@finfocus.co.za

**Graviton:**
+27 (0) 21 883 9192 | arissik@gravitonwm.com

**Momentum Consult:**
+27 (0) 86 177 7750 | mc.theart@consultm.co.za

**Sanlam Finansiële Advies:**
+27 (0) 83 375 9831 | hanlie.wethmar@sanlam.co.za

SURF sal vir twee konsultasies by een van die voorkeurdiensverskaffers betaal. Die eerste konsultasie kan enige tyd vanaf ouderdom 53 gereël word, en die tweede een in die 12 maande voor aftrede.

### Dis maklik om die voordeel te gebruik – volg net hierdie stappe:

1. Kies 'n diensverskaffer.
2. Kontak die MH Kliëntedienssentrum (+27 (0) 21 808 2753 | sun-e-hr@sun.ac.za) om 'n konsultasiekoepon te kry.
3. Maak 'n afspraak met jou gekose diensverskaffer en neem die koepon saam as bewys dat jy die diens mag gebruik.

## 10. Belangrike kontakbesonderhede

As jy meer inligting oor SURF nodig het, kan jy met die Vergoedings- en Voordele-afdeling of die voordeelkonsultant in verbinding tree. Kontak asseblief die hoofbeampte indien jy enige klagtes oor SURF het.

| | |
|---|---|
| Hoofbeampte | **Japie Kotzé**<br>t. +27 (0)21 808 2754<br>e. jjsk@sun.ac.za |
| Inligtingsbeampte | **Japie Kotzé**<br>t. +27 (0)21 808 2754<br>e. jjsk@sun.ac.za |
| Voordeelkonsultant | **Wynand Breytenbach**<br>t. +27 (0)21 912 3300<br>e. wynand@simekaconsult.co.za |
| Vergoedings- en Voordele-afdeling | **Peter Kirsten**<br>t. +27 (0)21 808 3740<br>e. pkirsten@sun.ac.za |
| Pensioenfondsberegter (PFB) | e. enquiries@pfa.org.za<br>Lede kan die PFB kontak indien hul klagtes nie bevredigend deur die Fonds hanteer is nie.<br>Raadpleeg asseblief die PFB se webwerf (www.pfa.org.za) vir meer besonderhede. |

Kontak asseblief ons klientedienssentrum indien jy enige vrae het. Die kontak besondehede is as volg:

Tel:  021 808 2753 or

epos: sun-e-hr@sun.ac.za

